

Dien God met eerbied en ontsag! (OP114)

Heb 12:25-29

22 Januarie 2023

Laasweek het ons die voorreg gehad om te kyk na Heb 12:18-24 – verse wat dikwels, en met reg, beskryf word as die klimaks van die Hebreërboek. Die skrywer bereik in hierdie verse sy oorkoepelende gevolgtrekking, en gee sy finale argument oor hoekom dit tragies sal wees as sy lesers hulle rug op die Christelike geloof sou draai, en terugkeer na die Joodse geloof. Sy argument is dat toe die Hebreërs tot geloof gekom het, het hulle nie by die tasbare berg Sinai aangekom nie – daar waar die absoluut heilige God aan Sy volk verskyn het in ‘n ontsagwekkende verskyning op die berg, en waar Hy Sy wet aan hulle gegee het as uitdrukking van Sy verwagting van hulle in terme van ‘n heilige lewe. Die doel hiermee was dat God die volk wou leer dat hulle ontsag vir Hom sal hê, en dat hulle hulle sal weerhou van sonde. Die Hebreërs het egter wel by Sionsberg aangekom, oftewel by die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem. Dit beteken hulle het deel geword van die gemeenskap van ware gelowiges deur die loop van die eeue. Hulle het deel geword van die gemeente van eersgeborenes en hulle name is in die hemel opgeneem. Boonop is hulle bevoorreg in die sin dat God tien duisende engele gebruik om hulle by te staan. Maar nog heerliker: hulle het gekom by God, selfs by God as Regter, dit is so anders as by Sinai waar die volk afstand wou hê tussen hulle en God, nou kom hulle by God aan. En dit alles is moontlik omdat hulle, toe hulle tot geloof gekom het, gekom het by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by Sy bloed waardeur Hy versoening bewerk het tussen hulle en God.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 12:25-29. In hierdie verse vind ons ‘n dringende oproep van die skrywer aan sy lesers en ons. Hierdie oproep volg op daardie heerlike waarhede wat in verse 24-28 beskryf is. Die skrywer het sopas verduidelik hoe bevoorreg die Hebreërs, en by implikasie alle Nuwe Testamentiese gelowiges, is in vergelyking met die Ou Testamentiese volk. Die Here het in die Sinaiverbond aan die volk die noodsaak vir ‘n Middelaar uitgewys, asook hoe hierdie Middelaar sal lyk en optree, maar die Hebreërs en Nuwe Testamentiese gelowiges hét by die Middelaar van die nuwe verbond gekom – met al die ryk implikasies wat dit teweeg gebring het. Hierdie groter voorregte gaan egter hand aan hand met groter verantwoordelikhede – en dit is wat die skrywer nou wil uitlig. Ek oordink die verse onder die volgende drie hoofpunte:

- God praat – en ons moet dit nie verontagsaam nie (Heb 12:25)
- God skud die aarde en die hemel – en ons moet dit nie verontagsaam nie (Heb 12:26-27)
- Ons moet God dankbaar dien met eerbied en ontsag (Heb 12:28-29)

God praat – en ons moet dit nie verontagsaam nie (Heb 12:25)

Lees Heb 12:25. Vers 25 begin met: “Sien toe dat julle Hom wat praat, nie verontagsaam nie”. Die “Hom wat praat” is natuurlik God. Die feit dat God praat is verstommend. Dit word alreeds in Gen 1 duidelik as God skep deur te praat. Deurdát God praat, maak Hy Homself aan ons as mense bekend – Hy maak bekend dat Hy bestaan, dat ons Hom kan ken, wat Hy doen, waar alles vandaan kom en waarheen alles op pad is. Geliefdes, kan jy jou indink hoe onkundig en in die duister ons sou gewees het as God nie gepraat het nie? Die punt van vers 25 is nou: Siende dat God praat – moet ons nie verontagsaam wat God sê nie.

In die res van vers 25 maak die skrywer onderskeid tussen God wat op die aarde gewaarsku het en God wat nou van die hemel af waarsku. Hy sê die waarskuwing op die aarde het in die verlede gebeur, terwyl die waarskuwing van die hemel af op die oomblik gebeur. Hy sê ook dat die

waarskuwing op die aarde in die verlede aan “hulle” gerig was, terwyl die waarskuwing van die hemel nou aan “ons” gerig is. Hoe moet ons dit alles verstaan? Wel, uit die konteks kan ons aflei dat die “hulle” na die Ou Testamentiese volk verwys, en die “ons” na die Hebreërs, oftewel die Nuwe Testamentiese gelowiges. Ons kan verder uit die konteks aflei dat die feit dat God in die verlede “op die aarde” gewaarsku het, verwys na die gebeure by Sinai toe God afgekom het na die berg en die volk gewaarsku het om heilig te wees en nie te sondig nie.

Maar kan ek jou herinner aan Heb 1:1-2a – “In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat deur Sy Seun.” Toe ons ongeveer ‘n jaar gelede na hierdie verse gekyk het, het ons gesien God praat in twee eras: “In die ou tyd” verwys na God se spreke in die Ou Testament (of ou verbond), en “in die eindtyd” verwys na God se spreke in die Nuwe Testament (of nuwe verbond). In die verlede het God gepraat deur die profete, soos Moses, Dawid, Jesaja, Jeremia en baie ander. God het ook op baie maniere gepraat: By tye het God direk gepraat – soos by Sinai toe God met donderslae gepraat het, by tye deur visioene, deur handeling, deur historiese gebeurtenisse, deur simbole of tipes, deur poësie, en nog ander maniere. Ons kan dus aflei dat as Heb 12:25 sê God het in die verlede “op die aarde” gewaarsku, verwys dit sekerlik na die Sinaigebeure waar God direk gepraat het, maar dit sluit ook die ander maniere in waardeur God in die Ou Testament gepraat het – al daardie gebeure het immers op aarde plaasgevind.

Vers 25 sê egter ook dat God nou van die hemel af waarsku. Uit Heb 1:1-2 is dit duidelik dat God in die eindtyd, d.w.s. nou, deur Sy Seun praat. Maar ons weet die Seun is in die hemel, op die troon aan die regterhand van God. As God dus deur Sy Seun praat, praat hy vanuit die hemel. Maar hoe praat God met ons deur Sy Seun? Joh 14:26 sê: “Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het”. God praat dus vanuit die hemel deur die Seun deur die Heilige Gees met ons. Verder: Paulus sê in Gal 1:11-12 – “Ek wil hê julle moet weet, broers, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie ‘n menslike saak is nie; want ek het dit nie van ‘n mens ontvang of geleer nie, maar wel deur ‘n openbaring van Jesus Christus.” By implikasie beteken dit dat Jesus aan die woord is in die briewe van Paulus. Trouens, Joh 1:1 leer ons Jesus is die Woord – Hy is die inhoud van die Woord. As die Woord verkondig word, word Jesus verkondig. Boonop werk die Heilige Gees ook juis deur die Woord. Dus: as Heb 12:25 sê: God waarsku ons nou van die hemel af, verwys dit na elke keer wat die Woord verkondig word, elke keer wat die Woord gelees en bestudeer word.

Die punt van vers 25 is verder dat toe God in die verlede op aarde gewaarsku het, het die volk die waarskuwing verontagsaam. Wel, die Ou Testament is vol getuigenis dat dit waar is. Dink maar aan die volk wat tydens hulle woestyn tog telkens in opstand gekom het. Of dink aan die Rigtertyd toe daar die een siklus na die ander was waarin die volk van die Here af weggedraai het. Of dink aan die tyd van die konings toe die koninkryk geskeur het en die meeste van die konings nie ag geslaan het op God se wil nie. Vers 25 voeg by dat hulle nie ontvlug het nie. En dit is so: ‘n hele geslag het in die woestyn gesterf en nooit die beloofde land gesien nie, die Here het in die Rigtertyd telkens vyande na die volk gestuur om hulle te straf, die tyd van die konings het uitgeloop op die ballingskap.

Die punt van vers 25 is nou dit: As die volk nie ontvlug het toe hulle hulle rug gedraai het op God wat met hulle hier op aarde gepraat het op verskeie maniere nie, soveel te meer sal ons nie ontvlug nie as ons ons rug op Hom draai wat ons vanuit die hemel waarsku. Jy sien, ons as Nuwe Testamentiese gelowiges het groter voorregte as die volk – soos wat ons laasweek gesien het. Maar nou het ons ook groter verantwoordelikhede. Dit is een ding dat die volk hulle rug op die beloofde land gedraai het, dit is baie ernstiger as ons ons rug sou draai op die berg Sion, die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem. Hulle het fisies in die woestyn gesterf. Ons sal die ewige tweede dood sterf as

ons dit sou doen. Hoekom is ons verantwoordelikheid groter? Wel, onthou hoe die Hebreërskrywer telkens deur die boek geredeneer het dat Jesus groter is as Moses, dat Hy 'n Hoëpriester is van die orde van Melgisedek, en dus hoër is as Aäron. Onthou, die volk het net die beloftes van die ou verbond gehad. Ons het die beloftes sowel as die vervulling daarvan in Jesus. Ons dink soms as God met ons sou praat soos wat Hy by Sinai gepraat het, sal mense luister. Wel, die feit van die saak is ons weet wat God daar gesê het, ons weet die volk het daar vir 'n middelaar gevra, en nou praat God met ons deur die volmaakte Middelaar wat intussen gekom het en aan al die veresites van die Middelaar voldoen het – sekerlik moet ons soveel te meer na Hom luister!

God skud die aarde en die hemel – en ons moet dit nie verontagsaam nie (Heb 12:26-27)

Lees Heb 12:26-27. Vers 26 begin en sê destyds het God se stem die aarde geskud. Natuurlik is dit 'n verwysing na wat destyds by Sinai gebeur het. Ons het laasweek gesien dat die hele berg geskud het toe God na die berg neergedaal en met die volk gepraat het. Dan voeg vers 26 by dat God nou gesê het: “Nog een keer sal Ek nie net die aarde skud nie, maar ook die hemel”. Hierdie woorde is 'n aanhaling van die Haggai 2:6 – “Die Here, Heerser oor alle magte het immers gesê ‘Nog een keer, binnekort, sal ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe.’”

Kom ons dink net kortliks oor die konteks van Haggai 2:6. Die volk het teruggekeer uit die Babeloniese ballingskap. Op daardie stadium was hulle besig om die tempel te herbou onder leiding van Serubbabel (die goewerneur) en Josua (die hoëpriester). In Hag 2:3 merk die Here egter op dat hierdie tempel na niks lyk in vergelyking met Salomo se tempel voor die ballingskap nie. Die Here bemoedig hulle egter en sê hulle moet moed hou – Sy Heilige Gees sal altyd in hulle midde bly. Hierna sê die Here dan die woorde van Hag 2:6 wat in Heb 12:26 aangehaal word, en in vers 7 voeg die Here by dat die nasies na die tempel sal kom en hulle skatte soontoe sal bring, en so sal die Here hierdie huis, d.w.s. die tempel, met heerlijkheid vul.

Ons weet dat toe Salomo se tempel ingewy is, het die heerlijkheid van die Here die tempel gevul, soos wat ook die geval vroeër was met die tabernakel. Ons lees egter nêrens dat die Here se heerlijkheid die tempel wat na die ballingskap herbou is, gevul het nie. Dit laat die vraag ontstaan: Wanneer het hierdie uitspraak van die Here in vers 7 dan in vervulling gegaan? Waarskynlik moet ons verstaan dat dit gebeur het toe Jesus gebore is en Hy na die tempel gegaan het. Ons weet ook in die Nuwe Testament is gelowiges die tempel van God – dink maar aan 1 Pet 2:5 wat gelowiges beskryf as lewende stene wat opgebou word in die huis van God. Soos wat tyd verloop, is daar steeds meer en meer gelowiges wat deel van die huis vorm. Met verloop van tyd eindig hulle ook in heerlijkheid. Ons sou dus ook kon dink dat die heerlijkheid van God steeds besig is om hierdie tempel te vul, en dat dit voltooi sal wees met die wederkoms.

Kom ons keer nou terug na Heb 12:26, waar God sê Hy gaan nog een keer nie net die aarde skud nie, maar ook die hemel. Uit Hag 2 blyk dit hierdie een keer val saam met die heerlijkheid van God wat die tempel sal vul. Heb 12:27 voeg by dat hierdie een keer saamval met daardie verandering waar die wankelbare dinge sal vergaan, en net die onwankelbare dinge sal oorbly. Hier word ook bygevoeg die wankelbare dinge is geskape dinge. Die vraag is waarna verwys die vergaan van die wankelbare dinge? Lees 2 Pet 3:10-11 – “Die dag van die Here sal kom soos 'n dief, 'n dag waarop die hemele met 'n gedruis tot 'n einde sal kom, en die elemente sal uitbrand en vergaan, en die aarde en wat daarop gedoen is, ontbloot sal word. As al hierdie dinge so sal vergaan, watter besondere mense moet julle dan nie wees nie – mense wat 'n heilige lewe lei en godvresend leef”. Die punt is: met die wederkoms sal die geskape wêreld soos wat ons dit ken, tot 'n einde kom.

Kom ons probeer nou sin maak uit verse 26 en 27. Wanneer is daardie een keer wat die Here die hemel en die aarde sal skud, wat gepaardgaan met die vergaan van die wankelbare dinge, en wat volgens Hag 2 ook gepaardgaan met die vul van die tempel met God se heerlikheid? Wel, daar is verskillende skole van denke. Kan ek maar na twee verwys:

- Sommiges redeneer dat dit verwys na Jesus se eerste koms. Dit was immers toe wat Jesus na die tempel gegaan het en wat die tempel wat herbou is na die ballingskap, gevul is met God se heerlikheid. Dit val natuurlik saam met die instelling van die nuwe verbond. Volgens hierdie siening word geredeneer as vers 27 sê die wankelbare dinge sal dan vergaan, is dit 'n verwysing na die vergaan of afsluiting van die ou verbond. Hierdie verbond was immers net tydelik. Daar word verder geredeneer dat die aarde beslis geskud was met die koms van Jesus – dink maar net aan die impak wat Sy lering en wonderwerke gehad het op baie mense. Hier word ook geredeneer selfs die hemele is toe geskud, siende dat Jesus na Sy opstanding opgevaar het hemel toe, en aan God se regterhand gaan sit het.
- Ander redeneer dit verwys na Jesus se tweede koms. Dit is met Sy tweede koms dat God se tempel van gelowiges volmaak gebou sal wees en dat hulle almal in heerlikheid sal wees. Sy tweede koms val ook saam met die vergaan van die skepping soos wat ons dit tans ken, en die koms van die nuwe hemel en aarde. Duidelik gaan dit gepaard met 'n skud van die hemel en aarde – soos wat ons in 2 Pet 3 gelees het.

Daar is ook persone wat redeneer dit verwys na beide die eerste en tweede koms van Jesus. Ek persoonlik is geneig om te dink dit verwys na Jesus se tweede koms. Een rede is dat ek huiwerig is om die ou verbond te assosieer met wankelbare dinge. Natuurlik was die ou verbond tydelik, maar dit beteken nie dit was wankelbaar nie. “Wankelbaar” (of “shaken” in Engels) bevat 'n element van mislukking, asof dit nie gewerk het nie. Dit is glad nie die geval met die ou verbond nie – ja, dit was nie effektief om sondeskuld aan te spreek nie. Maar dit was nooit God se doel met die ou verbond nie. Soos wat ons laasweek gesien het, was God se doel om Sy volk, en ons, te laat verstaan hoe nodig ons 'n Middelaar het, en wat daardie Middelaar moet kom doen. Die ou verbond was voorbereidend, maar nie wankelbaar nie – dit was akkuraat en betroubaar. 'n Ander rede vir my is dat vers 28 die stelling maak ons is steeds besig om die onwankelbare koninkryk te ontvang. As ons steeds besig is om die onwankelbare te ontvang, skep dit tog die indruk dat die wankelbare ook nog nie finaal verby is nie – wat strook met die siening dat dit eers met die wederkoms sal gebeur. Ek gee toe, daar is sinvolle argumente ten gunste van die eerste koms, maar ek is oortuig die argumente ten gunste van die tweede koms is sterker.

Wat is die punt van verse 26 en 27 as ons aanvaar dit verwys na Jesus se tweede koms? By Sinai het God die aarde geskud – en ons het gesien hoe 'n effek dit gehad het. Die volk het gebewe van angs, hulle het probeer wegskarrel van die Here af. Onthou, net die berg, net die aarde, is daar deur die Here geskud. As dit die effek daar was, kan jy jou indink wat die effek gaan wees as God met die wederkoms die aarde én die hemel gaan skud, as die hemele met 'n gedruis tot 'n einde gaan kom, die elemente uitbrand en vergaan, en die aarde ontbloot word? Toe die Here net die aarde geskud het, het die volk gevra dat Moses as middelaar moet optree. In Op 6:12-17 lees ons wat gaan gebeur met die wederkoms wanneer God die hemel én die aarde gaan skud. Lees dit. Toe God net die aarde geskud het, was die uitroep van die volk dat hulle 'n Middelaar nodig het. As God daardie eenkeer die hemel en die aarde gaan skud, is daar nie meer geleentheid om te vra vir 'n Middelaar nie – want die Middelaar het intussen gekom al het die ongelowiges Hom verwerp. Al wat vir hulle oorbly, is om na die berge en kranse uit te roep: “Val op ons, en verberg ons van die aangesig van Hom wat op die troon sit, en van die toorn van die Lam; want die groot dag van hulle toorn het aangebreek, en wie

kan staande bly?” Die realiteit is dat selfs die berge en kranse sal vergaan – en al die ongelowiges sal ontbloot voor God staan.

Die punt van die Hebreërskrywer is dat ons moet onthou wat gebeur het toe God net die aarde geskud het. Ons moet ook onthou die dag kom dat God nie net die aarde nie, maar ook die hemel gaan skud. Dit gaan net een keer gebeur. Dan gaan al die wankelbare dinge verdwyn. Al wat daarna gaan oorbly, is die dinge wat onwankelbaar is. Ons moet hierdie herinnering nie verontagsaam nie. Indien ons dit wel sou verontagsaam, is daar nie op daardie stadium meer tyd om te soek na ‘n middelaar nie. Die geleentheid daarvoor is dan verby.

Hebreërs, julle het tot geloof gekom in Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond. Wil julle werklik teruggaan na die Joodse geloof? Wil julle werklik teruggaan na die punt waar julle nog vir ‘n middelaar soek? En dit terwyl die dag kom dat die Here die hemel en die aarde gaan skud, en die geleentheid om na die Middelaar van die nuwe verbond te kom, vir ewig verby is?

Ons moet God dankbaar dien met eerbied en ontsag (Heb 12:28-29)

Lees Heb 12:28-29. Vers 28 maak die stelling: “ons ontvang ‘n onwankelbare koninkryk”. Teen die tyd verstaan ons, die “ons” beteken die Hebreërs, en ook ons, die Nuwe Testamentiese gelowiges. Ons ontvang ‘n onwankelbare koninkryk. Na wat in vers 27 gesê is, is dit duidelik dat hierdie onwankelbare koninkryk al is wat sal bly bestaan wanneer God die hemel en die aarde gaan skud met die wederkoms. Alle ander vorme van koninkryke sal vergaan. Natuurlik is dit so dat gelowiges nou alreeds deel is van God se koninkryk – 1 Pet 2:9 sê tog ons is (reeds) ‘n koninklike priesterdom. Maar dit is ook so dat ons steeds opgebou moet word as stene in God se tempel – daar is steeds voortgaande werk besig om plaas te vind sodat die gelowiges almal saam God se koninkryk sal vorm. Ons is dus steeds in die proses om die onwankelbare koninkryk te ontvang. Die punt van vers 28 is dat ons terwyl ons besig is om hierdie onwankelbare koninkryk te ontvang, dankbaar moet wees en God dien.

Let op: vers 28 begin met “daarom”: Omdat julle nie by Sinai aangekom het nie, omdat julle by Sionsberg aangekom het, omdat julle by God aangekom het, omdat julle by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond aangekom het, omdat God julle uit die hemel waarsku, omdat God nog een keer nie net die aarde nie maar ook die hemel gaan skud, omdat julle deel is van die onwankelbare koninkryk en besig is om dit in volheid te ontvang, omdat julle as deel van die onwankelbare koninkryk nie ook sal vergaan saam met die ander wankelbare dinge nie, daarom wees dankbaar. Dit is die enigste logiese respons op al hierdie waarhede: gelowiges moet in dankbaarheid God dien. As dit nie vir jou sin maak nie – begin dan weer by Heb 12:18 en vergewis jousef hoe bevoorreg gelowiges is. En as dit dan steeds nie vir jou sin maak nie, begin weer by Heb 1:1 en vergewis jou hoe bevoorreg gelowiges is. Vergewis jousef spesifiek van die feit dat God dit alles vir jou bewerk het deur Sy Seun – die Hebreërboek lig dit juis vir ons uit. Hou vol tot jy werklik dankbaar is.

Vers 28 sê ons moet dankbaar wees en daardeur God op ‘n welgevallige wyse dien. Hier leer ons dat ons dankbaarheid nie net ‘n ervaring is nie, nie net emosie is nie – natuurlik is dit ook ‘n ervaring, natuurlik is dit ook ‘n emosie – maar dit gaan verder: ons dankbaarheid moet uitdrukking vind in diens aan God. Vers 28 sê hierdie diens aan God moet welgevallige diens wees – m.a.w. dit moet diens wees waarin God behae het. Dit is nie vir ons om te besluit hoe hierdie diens moet lyk nie – nee, God moet hierdeur behaag word, en daarom is Hy die Een wat kan voorskryf hoe hierdie diens moet lyk. Goed, sê jy, maar hoe moet hierdie diens dan lyk? Vers 28 sê dit is diens wat uitdrukking vind in eerbiedige onderworpenheid aan en ontsag vir God.

Kan ek jou weereens herinner aan Eks 20:20. Hoekom het God in daardie magtige verskyning na Sinai gekom? “Sodat ontsag vir Hom deel van julle lewe sal wees en julle nie sondig nie.” Dit is ook waarby vers 28 uitkom – ontsag vir God wat uitgedruk word in eerbiedige onderworpenheid aan Hom. Ja, vra jy, maar wat is dit wat God behae in het wat Hy wil hê dat ek nou moet doen? Wel, dit wat God destyds by Sinai aangekondig het: Sy wet, wat Sy definisie van ‘n heilige lewe is, waarin Hy behae het. Onderwerp jou daaraan, gedryf deur dankbaarheid vir al Sy werk in jou lewe.

Geliefdes, dit is kardinaal belangrik dat ons hierdie punt behoorlik moet raakvat: Wat is God se doel? Sy doel met die ou verbond was dat die volk ontsag vir Hom sal hê. Dit is ook steeds sy doel in die nuwe verbond – dis tog waarby vers 28 ook uitkom. Hoe werk God hierdie ontsag vir Hom in mense? Hy wys vir hulle wie Hy is – Hy wys byvoorbeeld vir hulle Sy almag in die skepping, Hy wys vir hulle Sy trou in die verbonde, Hy wys vir hulle Sy heiligheid in Sy wet, Hy wys vir hulle Sy genade in die verlossingswerk van Sy Seun, Hy werk dit deur Sy Heilige Gees in die harte van mense deur vir hulle nuwe harte te gee, en so kan ons aangaan. Maar dit alles is middele tot die einddoel: ons moet ontsag vir Hom hê. Die einddoel is nie om ons te red en deel van die onwankelbare koninkryk te maak nie. Die einddoel is om ons by dankbaarheid te bring omdat Hy ons red en deel van die onwankelbare koninkryk maak, en dat ons dan in hierdie dankbaarheid ons ontsag vir Hom sal demonstreer deurdat ons ons eerbiedig aan Hom onderwerp en doen wat Hy aan ons voorskryf.

Selfs ongelowiges gaan eventueel vir Hom gesag ontwikkel. Luister weer na wat hulle in Op 6:16-17 uitroep: “Verberg ons van die aangesig van Hom wat op die troon sit en van die toorn van die Lam” – sien, hulle sal erken dat Hy op die troon sit, “want die groot dag van hulle toorn het aangebreek, en wie kan staande bly?” – hulle erken dat God en die Lam sal oordeel, en dat hulle nie die toets van die oordeel gaan deurstaan nie. Ja, dit is sekerlik so dat hulle nie in eerbiedige onderworpenheid God gaan dien nie, maar hulle gaan ontsag vir God hê, al is dit te laat. Hulle sal uitvind dat vers 29 waar is: Ons God is inderdaad ‘n verterende vuur – nie net gaan die wankelbare dinge verdwyn nie, hulle gaan ook in God se oordeel ervaar God is ‘n verterende vuur.

Toepassing

Ek sluit af met ‘n enkele toepassing: Ons leef in ‘n tyd, veral in die westerse wêreld, waar al hoe meer mense hulle rug op God draai – hulle let nie meer op God wat uit die hemel praat nie. Hulle moet verstaan dat dit ernstig is. God gaan nog eenmaal die hemel en die aarde skud – en dan gaan hulle persoonlik ervaar ons God is ‘n verterende vuur. Ons as gelowiges moet hulle dringend waarsku.

Maar daar is ook baie mense wat oortuig is hulle dien God. Die vraag is of almal wat sê hulle dien God, Hom werklik uit dankbaarheid op ‘n God welgevallige wyse waaruit hulle eerbiedige onderwerping aan en ontsag vir God duidelik word? As dit waar sou wees:

- Hoekom is voorspoed godsdienste dan so gewild in ons tyd, waar die fokus eerder is dat God die mens dien en dat God moet voorsien aan wat die mens wil hê, eerder as wat die mens hom eerbiedig onderwerp aan wat God wil, selfs al vra dit opofferings?
- Hoekom is daar dan soveel oppervlakkigheid in preke, in liedere, in gebede, in eredienste en in gemeente-aktiwiteite?

Mag ons ons verdiep in God se Woord – dit is immers die medium waardeur God met ons praat vanuit die hemel. Mag ons daaruit leer hoe groot God se genade vir ons is. Mag ons daaruit leer hoe dankbaar ons behoort te wees. En mag ons Hom dan dien deurdat ons ons eerbiedig onderwerp aan Sy voorskrifte. Mag ons diens aan Hom daarvan getuig dat ons ontsag het vir Hom, en dat Hy hierdie ontsag absoluut waardig is.